SAKE 24 (Burger Oos Kaap)
20 Oct 2011, p.15

Oos-Kaap kry skema vir werkskepping

Derrick Spies, Port Elizabeth

'n Nywerheidswerkstimulusfonds ter waarde van R50 miljoen vir die Oos-Kaap om werkskepping te bevorder deur ondernemings in geteikende sektore aan te spoor om behoorlike en volhoubare werkgeleenthede te skep, is gister bekend gestel.

Dit sal deur die Oos-Kaapse Ontwikkelingskorporasie (OKOK) beheer word.

Mnr. Mcebisi Jonas, LUR vir ekonomiese ontwikkeling, omgewingsake en toerisme, het in Oos-Londen gesê die fonds is daarop gemik om werkgeleenthede te skep deur diversifisering in die provinsiale ekonomie te stimuleer.

Dié fonds is uitsluitlik gemik op Oos-Kaapse maatskappye en die teiken is om minstens 30 000 nuwe werkgeleenthede oor die volgende drie jaar te skep.

Jonas het gesê daar word reeds oorweeg om die fonds teen volgende jaar tot R150 miljoen te vergroot afhangende van die sukses daarmee in die eerste jaar.

Die nuwe aansporingsprogram is gemik op maatskappye in groen-nywerhede, landbou-verwerking, toerisme, vervaardiging, die petrochemiese bedryf en kapitaalgoedere sowel as inligting-en-kommunikasietegnologie IKT), elektronika en die sake-proses-uitkontraktering.

'n Ouditstelsel sal verseker dat die kontantaansporings net aan maatskappye uitbetaal word wat kan bewys dat hulle nuwe werkgeleenthede geskep het.

Die OKOK sal onder meer alle administratiewe funksies soos die verwerking en beoordeling van aansoeke namens die provinsiale regering uitvoer.

Die ondernemings wat aansoek doen vir die aansporing, sal minstens tien nuwe werkgeleenthede in die Oos-Kaap moet skep om te kwalifiseer.

Elke werkgeleentheid sal ook minstens een jaar, van die datum van indiensneming, moet behoue bly.

"Kwalifiserende onderneming sal R10 000 per jaar vir elke werkgeleentheid uitbetaal word," het Jonas gesê.

Jonas het ook gesê daar word tans aansoek gedoen om die aansporing as 'n belastingvrye aansporing te registreer.

Die eerste ronde aansoeke sal van vandag tot 30 November ingedien kan word.